kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Die pad na jou Emmaus

Skriflesing: Lukas 24:13-35

"I believe that whether we recognize him or not, or believe in him or not, or even know his name, again and again he comes and walks a little way with us along whatever road we're following. And I believe that through something that happens to us, or something we see, or somebody we know--who can ever guess how or when or where?--he offers us, the way he did at Emmaus, the bread of life, offers us new hope, a new vision of light that not even the dark world can overcome."
— Frederick Buechner, Secrets in the Dark: A Life in Sermons

Broodjies vir die pad

"By looking at the Bible as if it were fundamentally about us, we totally miss the Point–like the two on the road to Emmaus. As Luke 24 shows, it's possible to read the Bible, study the Bible, and memorize large portions of the Bible, while missing the whole point of the Bible. It's entirely possible, in other words, to read the stories and miss the Story."
— Tullian Tchividjian

"One truth, then, is that Christ is always being remade in the image of man, which means that his reality is always being deformed to fit human needs, or what humans perceive to be their needs. A deeper truth, though, one that scripture suggests when it speaks of the eternal Word being made specific flesh, is that there is no permutation of humanity in which Christ is not present. If every Bible is lost, if every church crumbles to dust, if the last believer in the last prayer opens her eyes and lets it all finally go, Christ will appear on this earth as calmly and casually as he appeared to the disciples walking to Emmaus after his death, who did not recognize this man to whom they had pledged their very lives; this man whom they had seen beaten, crucified, abandoned by God; this man who, after walking the dusty road with them, after sharing an ordinary meal and discussing the scriptures, had to vanish once more in order to make them see."
— Christian Wiman, My Bright Abyss: Meditation of a Modern Believer

My Bright Abyss: Meditation of a Modern Believer
by Christian Wiman

Seven years ago, Christian Wiman, a well-known poet and the editor of *Poetry* magazine, wrote a now-famous essay about having faith in the face of death. *My Bright Abyss*, composed in the difficult years since and completed in the wake of a bone marrow transplant, is a moving meditation on what a viable contemporary faith—responsive not only to modern thought and science but also to religious tradition—might look like.

Joyful, sorrowful, and beautifully written, *My Bright Abyss* is destined to become a spiritual classic, useful not only to believers but to anyone whose experience of life and art seems at times to overbrim its boundaries. How do we answer this "burn of being"? Wiman asks. What might it mean for our lives—and for our deaths—if we acknowledge the "insistent, persistent ghost" that some of us call God?

Christian Wiman is an American poet and editor born in 1966 and raised in West Texas. He graduated from Washington and Lee University and has taught at Northwestern University, Stanford University, Lynchburg College in Virginia, and the Prague School of Economics. In 2003 he became editor of the oldest American magazine of verse, Poetry.

https://www.goodreads.com

Rakelings

```
Voel hoe lig
hang
die nuanse
van angs,
suggestie
van vreugde,
naby mekaar.

Raak die een die ander,
word dit weemoed.
Nooit kan ons mekaar
in diepte ken nie
```

De Waal Venter

https://versindaba.co.za/2020/04/20/de-waal-venter-twee-gedigte/

Pes wat in die donker wandel

Anton van Niekerk

In my kindertyd is ons in die skool amper net so intensief met gods-dienstigheid gevoer as met die drie r'e (*reading, (w)riting en (a)rithmetic*). In die proses is meermale van ons verwag om psalms uit die kop te leer.

Een van die psalms wat ek van buite moes leer, was Psalm 91 (natuurlik ook nog in die ou vertaling).

Dit bevat twee frases wat my al hoe meer aan die Covid-19-pandemie laat dink, naamlik die skrywer se versugting om beskerm te word teen "die pes wat in die donker wandel" en die "siekte wat op die middag verwoes" (verse 5 en 6).

Hierdie virus is bepaald 'n stil sluiper wat slegs beveg kan word deur iets van ons te verwag wat ons in wese nie is nie, naamlik om vir 'n tyd radikaal asosiale organismes te word – wesens wat van mekaar moet afskei eerder as om na mekaar aangetrek te word.

Wat ons tans beleef, naamlik af- (of is dit toe-?)sluiting, klink vir my toenemend na 'n wetenskapsfiksie-scenario wat so vergesog is dat 'n mens sukkel om dit te glo.

Ek wil die boek neersit, maar ek kan nie; die werklikheid is tans erger as fiksie.

Dan help dit wel om te onthou dat iemand soos die skrywer van Psalm 91 reeds van hierdie soort stille pestilensies geweet het.

Covid-19 herinner ons, meer as enigiets anders, dat infektiewe siektes wat op groot skaal doodmaak 'n integrerende deel van die geskiedenis van ons spesie is.

Toe ons nog slegs een van die talle aapsoorte was wat in die veld rondgedwaal het, is ons aangeval en verorber deur natuurlike vyande wat ons gejag het. Dinge het verander; ons

het met ’n gelukskoot taal (en ander dinge) aangeleer en dit gebruik om sosiaal te organiseer, tot by die punt waar ons die wêreld getalsgewys en met ons kennis leer oorheers het soos tans.

Dit beteken allermins dat ons nie bitterlik kwesbaar gebly het nie. Deesdae word ons nie meer deur groot, gewelddadige predatore gejag nie.

Maar ons ontdek opnuut die gevaar van die stil sluipers wat ons spesie kan uitroei.

Presies 100 jaar gelede (daar leef nou nog mense wat dit kan onthou!) het die “Spaanse Griep” tussen 55 miljoen en 100 miljoen mense afgemaai – waarskynlik meer slagoffers as gesneuweldes in albei wêreldoorloë gesamentlik.

Ons was gelukkig dat die onlangse Ebola- en ears-virus nie veel groter verwoesting gesaai het nie. Moordenaar-virusse ontstaan en muteer as gevolg van kontak tussen oormatige (slag)dierkonsentrasies, waarvan daar, veral in China, hopeloos te veel is.

Die diere wat steeds vandag die mense se grootste vyand is, is nie haaie of leeus of krokodille nie, maar muskiete wat malaria oordra. In 2015 alleen is ’n halfmiljoen mense dood aan malaria.

Al wat die psalmdigter kon doen aan die stille pes wat in sy skaduwee bly wandel het, was om te bid, te sing en te skryf. Die mag wat kennis en tegnologie bring, bied ons vandag oneindig meer hoop.

Ignacio Lopez-Goni het onlangs in ’n belangrike artikel redes verskaf waarom ons met hoop kan voortgaan, selfs al verg dit die ongemak van afsluiting.

Anders as die psalmis of slagoffers van die Swart Dood in die Middeleeue, weet ons nou waarmee ons te doen het.

Ons kan die virus vinnig diagnoseer. 80% van geïnfekteerdes herstel gou en kinders weerstaan die infeksie goed.

En vir ’n keer werk die wêreld omvattend saam om gou ’n entstof te ontwikkel.

\+ Die pes sal ons nie onderkry nie.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/pes-wat-in-die-donker-wandel-20200330

“It is a strange thing how sometimes merely to talk honestly of God, even if it is only to articulate our feelings of separation and confusion, can bring peace to our spirits. You thought you were unhappy because this or that was off in your relationship, this or that was wrong in your job, but the reality is that your sadness stemmed from your aversion to, your stalwart avoidance of, God. The other problems may very well be true, and you will have to address them, but what you feel when releasing yourself to speak of the deepest needs of your spirit is the fact that no other needs could be spoken of outside of that context. You cannot work on the structure of your life if the ground of your being in unsure.”

— Christian Wiman, My Bright Abyss: Meditation of a Modern Believer

---

Brood vir die pad

As aanraking en spontaneïteit ’n taboe word

Heinz Mödler

Op ’n koue tafel het hulle hom vasgedruk – ’n sterk man per ledemaat. Die kanse dat die man op die tafel die volgende paar minute gaan oorleef, is een uit tien.

Dr. Robert Liston (1794-1847) klem sy mes tussen sy tande vas en ondersoek die vasgedrukte man se been. Nadat hy seker gemaak het dat die manne hom styf vashou, begin hy sny.

Maar nie voor hy “Time me, gentlemen, time me!” gesê het nie. Binne 2½ minute val die man se geamputeerde been in die asdrom.

Pasiënte wat ’n paar honderd jaar gelede vir chirurgie moes gaan, het nie hul geliefdes gegroet nie, maar afskeid geneem. Want slegs een uit elke tien pasiënte het hierdie makabere orgie oorleef.

Behalwe as Liston jou dokter was. Hierdie Skotse chirurg het net een uit vier pasiënte verloor. Die rede was sy spoed. Want sien, hoe vinniger gesny word, hoe korter is die lyding en minder die bloedverlies.

Liston was ’n intimiderende karakter. Oor die ses voet lank, geklee in ’n donkergroen slagtersjas. En net so het hy geopereer.

Handskoene? Nee.

Hande was? Glad nie.

Water en seep is nie net as ’n onnodige foefie beskou nie, maar is ook op neergesien.

Niemand het durf dink dat vuilheid ’n gevaar vir ’n pasiënt mag inhou nie, al het baie pasiënte wat hulle nie doodgebloei het nie, ’n paar dae later weens sepsis gesterf.

Die grootste vrees van swangerskap daardie dae was om tydens, of net ná geboorte, te sterf. Kraamkoors het amper helfte van moeders doodgemaak.

Die Hongaarse dokter Ignaz Semmelweis (1818-1865) wat in Wene gewerk het, word vandag as die “redder van moeders” beskou.

In 1847 (ironies genoeg die jaar wat Liston gesterf het) het hy aanbeveel dat dokters en verpleegsters hul hande moet was voor hulle ’n bevalling behartig.

Hiervoor het hy ’n gechloreerde kalkoplossing aangemaak. Binne dae was die aantal kraamkoors-gevalle aansienlik minder.

Ten spyte van sy uitstekende resultate het medici hom uit- en afgelag. Op die ou einde is Semmelweis in ’n gestig opgeneem.

Deesdae is steriliteit vanselfsprekend in enige teater en kraamsaal. Niemand sal eens ’n geringe ingreep op ’n pasiënt pleeg sonder om dit steriel te doen nie. Selfs ’n binneaarse ingieting word gedoen nadat die vel ontsmet is.

Steriliteit het nou hospitale verlaat om deel van elke liewe huishouding te word.

By winkels word alkohol-oplossings aan hande en aan trollies se handvatsels gespuit. Mense wat dit nie doen nie, word veroordelend aangegluur.

Steriliteit en ontsmetting is besig om mense obsessief te maak en die mensdom loop die gevaar om homself in ’n steriele kokon in te spin – ’n omgewing waar menslike aanraking, intimiteit en spontaneïteit basies taboe is.

En dit is alles Covid-19 se skuld. Hierdie kiem wat ons nou so terroriseer, gaan gelukkig binnekort sy Moses teëkom.

Maar die sosiale “skade” wat Covid-19 aan ons menswees gedoen het, gaan óf nog baie lank met ons wees, óf gaan die sosiale milieu op ons planeet vir ewig verander.

** Dr. Mödler is ’n medikus, skrywer en kunstenaar van Kaapstad.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/as-aanraking-en-spontaneiteit-n-taboe-word-20200421

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877